

INTREEREDE / INAUGURAL ADDRESS

PROF EMMA RUTTKAMP-BLOEM

Titel: “Genaturaliseerde realisme”

OPSOMMING:

Hierdie intreerede bied ’n oorsig van my huidige projek in wetenskapsfilosofie. In die projek beskryf ek ’n nuwe weergawe van realisme in die wetenskap, waarna ek as “genaturaliseerde realisme” verwys. Genaturaliseerde realisme is “feilbaar” in die unieke sin dat dit die self-korrigerende kern van wetenskaplike kennis en die vooruitgang daarvan vasvang en naboots. Genaturaliseerde realisme is ook niekonvergerend in die sin dat dit beweer dat wetenskaplike vooruitgang nie lineêr is nie. Met ander woorde, die wetenskap is nie besig om vasberade na die “Waarheid” voort te marsjeer nie. Daar is eerder ’n voortdurende spiraalagtige aanpassing volgens aanhoudend verskuivende “huidige” (empiriese en ander agtergrond-) kriteria as die gevolg van voortdurende toetsing. Dit impliseer dat kontinuïteit in die wetenskap ’n metakwessie is wat in die selfkorrigerende metode van die wetenskap gevind word en nie die resultaat van die lineêre akkumulasie van wetenskaplike kennis is nie.

Indien hierdie (genaturaliseerde) idee van kontinuïteit aanvaar word, het dit ernstige implikasies vir die idees in verband met waarheid en verwysing wat in tradisionele wetenskaplike realisme aangetref word. Genaturaliseerde realisme bied ’n idee van waarheid as “saamgestelde” waarheid, en ’n idee van verwysing as “histories gevormde” verwysing aan, en beweer dat waarheid saamgestel word namate verwysingsverhoudings van tyd tot tyd aspekte van die werklikheid deur die geskiedenis van die wetenskap ontbloom. Volgens die genaturaliseerde realis is waarheid verwysing. Die evolusionêre vooruitgang van ’n teorie word aangebied as ’n nuwe en belowende verklaring van die sukses van die wetenskap teen die agtergrond van hierdie idee van “saamgestelde” waarheid as “histories gevormde” verwysing. Met ander woorde, eerder as om op die waarheid van alleenstaande teorieë as verklaring vir die sukses van die wetenskap te fokus, soos wat tradisionele wetenskaplike realiste doen, beweer die genaturaliseerde realis dat ons nie realiste kan wees oor enigiets behalwe die vooruitgang wat teweeggebring word deur tallose interaksies van ’n wetenskap-werklikheidsaard wat voortdurend beweeg op ’n kontinuum van toenemende “geskiktheid”, wat deur empiriese (en ander agtergronds-) beperkinge bepaal word. Om hierdie beweging akkuraat weer te gee, redeneer die genaturaliseerde realis dat die tradisionele debat oor realisme/instrumentalisme plek moet maak vir ’n voortdurend-ontwikkellende kontinuum waarop beslissings oor die status van teorieë konstant kan verander. Dit impliseer dat beslissings vanaf strakke instrumentalisme tot volwaardige wetenskaplike realisme kan strek.

Ek bepleit dus die herontwerp van realisme op grond van die geskiedenis en metodes van die wetenskap. Ten slotte kyk ek in die algemeen na die aard van filosofiese ondersoek en die huidige betekenis daarvan vir hedendaagse geagradueerdes.

Title: “Naturalised realism”

SUMMARY:

This inaugural lecture presents an overview of my current project in the philosophy of science, which outlines a new version of realism in science, referred to as ‘naturalised realism’. Naturalised realism is ‘fallibilist’ in the unique sense that it captures and mimics the self-corrective core of scientific knowledge and its progress. Naturalised realism is also non-convergent in the sense that it claims that scientific progress is not linear. In other words, science is not steadfastly marching towards ‘the Truth’; rather, there is constant (spiralling) adaptation according to continuously shifting ‘current’ (empirical and other background) criteria as the result

of continuous objective testing. This implies that continuity in science is a meta-issue that occurs in the self-correcting method of science and not, as argued in some versions of traditional scientific realism, as the result of the linear accumulation of scientific knowledge.

Acceptance of this (naturalised) notion of continuity has serious implications for the validity of notions of truth and reference at play in traditional scientific realism. Specifically, naturalised realism offers an account of truth as 'assembled' truth and of reference as 'historied' reference, and claims that truth is assembled as reference relations reveal aspects of reality at intervals through the history of science. Thus, for the naturalised realist, truth is reference. Against the background of these notions, the evolutionary progressiveness of a theory is suggested as a novel and promising explanation for the success of science. In other words, rather than focus on the truth of single theories as explanation for the success of science – as traditional scientific realists do – the naturalised realist claims that we cannot be realists about anything except the progress affected by a myriad of science-reality interactions that are constantly moving on a continuum of increased 'fitness', determined by empirical (and other background) constraints. Moreover, to reflect this movement accurately, the naturalised realist argues that the traditional realism/instrumentalism debate should dissolve into an ever-evolving continuum on which verdicts about the status of the theories move constantly. This implies that verdicts could range from stark instrumentalism to full-blown realism.

I thus argue for a reinvention of realism on the grounds of taking seriously both the history and the methods of science. In conclusion, I offer a general look at the nature of philosophical inquiry and its significance for university graduates today.